19 Junie 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 15

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe...

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Advertensies en kennisgewings

Voorblad

HTS Teologiese Studies:
Verbonde aan UP sedert 1943

Op 9 Junie het die redaksie van die *HTS Teologiese Studies* 'n praggeleentheid in die Senaatsaal van die Universiteit van Pretoria aangebied ter herdenking van die Universiteit se honderdjarige bestaan. Sowat honderd predikante en personeel van die Universiteit was by die geleentheid teenwoordig.

Die voorsitter van die redaksie, prof J Buitendag, het 'n kort uiteensetting van die geskiedenis van die Universiteit gegee waarin spesifiek gefokus is op die verhaal van die totstandkoming van onderskeidelik die Fakulteit Teologie in 1917 en die *HTS Teologiese Studies* in 1943. Hy het onder andere verwys na genl Jan Smuts se woorde tydens die hoeksteenlegging van die Ou Letteregebou toe hy gesê het dat die Universiteit van Pretoria nog vir Suid-Afrika sal word wat die Universiteit van Oxford vir Engeland is – al neem dit honderd jaar. Inderdaad profetiese woorde!

'n Spesiale feesuitgawe van die *HTS Teologiese Studies* is aan die viserektor, prof CR de Beer, opgedra. Prof De Beer is sedert 1995 intens gemoeid met die Fakulteit en het ook die basis gelê vir die huidige bedeling waar die eertydse twee fakulteite van teologie, in 'n veelkerklike fakulteit, tereggekom het. In sy erkenning het hy ook die *HTS Teologiese Studies* gelukgewens met die internasionale erkenning wat dit geniet.

Die NHKA het in die persoon van prof TFJ Dreyer ook gelukwense aan die Universiteit gebring en gewys op die belang wat die Kerk by die Universiteit het en op die groot premie wat die NHKA nog altyd op universiteitsopleiding vir predikante geplaas het. Wetenskapsbeoefening in die volle sin van die woord is die hart van die Reformatoriese teologie.

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Die *Kerknuus* word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

Prof AG van Aarde het die feesrede gehou. In sy voordrag het hy gewys op die huidige geweld en misdaad in Suid-Afrika en die noodsaaklikheid van die heropbou van die morele vesel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die evangeliese metafoor van *draai die ander wang*, met sy belangrike effek van om die geweldenaar te ontkragtig en om die slagoffer te laat moed hou, was sy boodskap. Met hierdie voordrag het hy sowel die hoë wetenskaplike vlak van die Fakulteit as die relevansie van die teologie vandag in Suid-Afrika voortreflik gedemonstreer.

Komplimentêre feesuitgawes is onder andere aan die rektor, prof CWI Pistorius, die ander viserektore en van die dekane oorhandig. Prof Pistorius en prof Vos het op hulle beurt dank uitgespreek vir die besondere geleentheid.

- *Die Hervormer* is trots op wat die Universiteit van Pretoria in hierdie 100 jaar as voorste navorsingsuniversiteit in Suid-Afrika vermag het en wens ook die *HTS Teologiese Studies* geluk met sy bydrae en inisiatief.

Kerknuus

BEROEPENUUS

► **Beroep ontvang**
Dr Gert Volschenk na Sannieshof

NUUS OOR PREDIKANTE

► **Ds Paula Eksteen** word op Sondag 22 Junie deur Gemeente Midrand ontvang. Sy word by die geleentheid in haar amp bevestig en lewer ook haar intreepreek. Die gemeente was vakant sedert die vertrek van dr André Groenewald na Skotland. Ds Eksteen was vroeër aan haar tuisgemeente, Sasolburg, verbonde en het saam met ds Nardus Enslin gewerk.

► **Ds Jan en mev Leonie Kay** van Vryheid se seun Jan-Hendrik is op Donderdagaand 12 Junie in ’n motorfietsongeluk oorlede. Die roudiens het op Woensdag 18 Junie om 11:00 in die kerkgebou van Gemeente Philadelphia plaasgevind en is gelei deur ds Petri van Rooyen. Die Kerk se voorbidding word vir die Kay-gesin gevra.

► **Ds Piet Botha,** predikant van Declercqville, aanvaar eerskomende Sondag 22 Junie emeritaat. Hy was werksaam in die gemeente sedert 1988. Hy het ook die gemeentes Sasolburg en Vaalpark bedien. Ds Botha se seun, Stephan, is ook predikant van die Kerk by Gemeente Klerksdorp–Oos Môrester.

► Mev Dirkie Naudé, eggenote van **ds Koos Naudé,** is steeds baie ernstig siek in die hospitaal op Potchefstroom. Die Kerk se voorbidding word vir die egpaar gevra.

► **Dr Wian Kloppers**, redakteur van *Konteks*, en sy vrou, **dr Elsabé Kloppers,** is tans op ’n werktoer deur die Wes-Kaap. Dr Wian besoek verskillende gemeentes en voer met lidmate en ampsdraers gesprek met die oog op artikels vir *Konteks*. Dr Elsabé bied onder meer ’n kursus in Himnologie aan in Stellenbosch. Hulle het verlede naweek die feesvieringe van Gemeente Swellendam rondom die viering van sy 50ste bestaansjaar bygewoon en sal ook nog die kerkinwyding van Weskus eerskomende naweek bywoon voordat hulle terugkeer na Pretoria.

Terug na Voorblad

BEDIENINGSNUUS

■ **Gemeente Weskus** wy eerskomende naweek 21 en 22 Junie sy nuwe kerkgebou in. Hierdie berig is deur die skriba van die gemeente saamgestel.

In Oktober 2002 het die kerkraad besluit om nie verder te gaan en ds JH Barkhuizen te beroep nie. Die kerkraad het gemeen dat hulle finansieel nie die mas sou opkom nie. Daarbenewens was omtrent al die lidmate reeds weg uit die gemeente en slegs 'n handjie vol het oorgebly. Die konsistorieboek uit daardie tyd wys dat tussen sewe en veertien mense gereeld eredienste bygewoon het. Die Administrateur en dr SP Pretorius het namens die Algemene Kommissie afgevlieg en met die kerkraad kom praat. Van hulle kant af was dit 'n visioenêre gesprek wat uiteindelik die kerkraad oortuig het om voort te gaan met die beroep en om die gemeente 'n kans te gun om te oorleef. Dit was inderdaad die geval, en meer!

Die gemeente het so gegroei dat ons vandag omtrent 110 kinders en 270 belydende lidmate het. Ons groei steeds maandeliks!

Die ingebruiknemingsdiens word beplan aan die hand van die inwyding van die Tempel van Salomo. Dit sal bestaan uit twee dele, naamlik toewyding en inwyding. Tydens die toewyding word die gebou aan God opgedra, en met die inwyding word die gebou in gebruik geneem. Albei die momente vind in die kerkgebou plaas en word deur die program onderskei. Op 21 Junie vanaf 16:00 tot 16:15 is daar voorsang en van 16:15 tot 16:25 orreluitvoerings deur drie orreliste. (Dit is ook die ingebruikneming van die orrel wat ons van Gemeente Kaapstad oorgekoop het nadat hulle gebou verkoop is.) Om 16:25 sal André du Toit die program aan die gemeente verduidelik. Om 16:30 beweeg die kerkraad en predikante uit die konsistorie.

<u>Toewyding</u>

- Die toewyding begin met 'n toewydingsrede deur prof TFJ Dreyer wat die gebou aan God opdra (kort, 10 tot 15 minute).
- Daarna word die gedenkplaat deur ds JH Barkhuizen onthul.
- Die toewyding word afgesluit met 'n gebed deur prof TFJ Dreyer.

<u>Inwyding</u> – <u>Erediens Sondag 22 Junie</u>

- Erediens gelei deur ds JH Barkhuizen met Nagmaal (besoekende predikante sal met die tafels voorgaan).

<u>Groeteboodskappe</u>

- Prof TFJ Dreyer namens die Algemene Kommissie
- Ds AJH Janse van Rensburg namens die Ringskommissie
- Mnr A Hanekom namens die Ringsdiakenskommissie
- Ds H Botha namens die NHSV Wes-Kaapland
- NG Kerk namens Gereformeerde familie

<u>Bedankings</u>

<u>Verversings</u>

- Verversings in die 'nuwe waak' – ou kerkgebou.

■ **Gemeente Oos-Moot** het besluit om die deelsorgstandplaas waarin ds Marna van der Westhuizen gewerk het, op te hef. Ds Robby Pienaar het ook versoek om van die deeltydse standplaas losgemaak te word waarin hy al etlike jare werk. Hy en ds Marna is nou betrokke by Gemeente Ogies. Ds Pienaar is deeltyds na Gemeente Ogies beroep en ds Van der Westhuizen word benoem om veral aandag aan die kategese te gee. Die kerkraad van Oos-Moot beplan om eersdaags na die deeltydse standplaas te beroep.

Terug na Voorblad

■ **Gemeente Joachim Prinsloo** het toestemming ontvang om vir die volgende drie maande van ds FGJ Loots as brugpredikant gebruik te maak. Die gemeente moet beplanning doen rondom sy toekomstige bearbeiding en die gebou wat tans deur plakkerskampe omring word.

■ **Gemeente Noordrand** maak tans van ds Leon Nell gebruik as brugpredikant terwyl opnuut beplan word oor die toekomstige bearbeiding. Ook die gemeente se gebouekompleks, een van die mooiste en doelmatigste komplekse in die Kerk, word bedreig deur plakkerskampe.

■ **Gemeente Greylingstad** het die afgelope vier maande van dr Paul de Beer as brugpredikant gebruikgemaak. Dr De Beer het by al die huisgesinne besoek afgelê en saam met die ringskommissie beplan oor die toekomstige bearbeiding van die gemeente. Dr De Beer se werkskof loop teen die einde van Junie ten einde. Alhoewel daar nog nie klaarheid is oor presies hoe die gemeente in die toekoms bearbei gaan word nie, is daar tog verskillende moontlikhede wat deur die kerkraad en ringskommissie oorweeg sal word.

■ **Gemeente Krugersdorp** het toestemming ontvang om ’n deeltydse standplaas te skep. Ds Mariaan Delport, eggenote van ds Hein Delport, sal na die standplaas beroep word.

Advertensies en kennisgewings

DIE 45STE NASIONALE KONGRES VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING VIND PLAAS OP 3, 4 & 5 JULIE 2008 IN DIE AULA, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, LYNNWOODWEG 264, PRETORIA.

DIE EREPRESIDENT, ERELEDE VAN DIE VERENIGING, PREDIKANTSVROUE WAT DEUR HULLE ONDERSKEIE TAKKE AFGEVAARDIG IS, VOORSITTERS VAN TAKKE WAT NIE PREDIKANTSVROUE IS NIE, VROUEPREDIKANTE VAN DIE KERK WAT DEUR HULLE TAKKE AFGEVAARDIG IS EN HOOGSTENS TWEE AFGEVAARDIGDES VAN ELKE TAK, LEDE MET ADVISERENDE STEM (WAARNEMERS), LEDE MET SPREEKREG (ALLE BELANGSTELLENDE VROUELIDMATE) EN DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE KERK OF SY VERTEENWOORDIGER, WORD HIERMEE NA DIE NASIONALE KONGRES OPGEROEP.

Basaar en Trekkerskou
Nederduitsch Hervormde Kerk, Middelburg, Mpumalanga
Datum: 2 Augustus 2008
Plek: hv Bhimy Dlamini (Voortrekkerstr) en Cowen Ntuli (Hendrik Potgieterstr)
Basaar bied: Stalletjies (kos en ander), speletjies asook stoomtrein- en trekkerritte vir die kinders.
Trekkerskou bied: Uitstalling van ou en nuwe trekkers sowel as gerestoureerde trekkers + inligtingsboekie met besonderhede van trekkers wat op skou is.
Kontak: 013 243 3949

Terug na Voorblad

● **Orrelpos: Pretoria-Tuine**

- Oggenddienste
- Aanddienste (Jan-Mei en Aug-Sept)
- Sanggroep

Vergoeding teen voorgestelde skale. Aanvaarding so gou moontlik.
Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of andre.botma@telkomsa.net

■ **Gemeente Alberton** bied op 1 Augustus 'n *Eden*-konsert by die *Alberton Rugby Stadium* aan. Kaartjies is R60 per persoon. Die konsert begin om 19:00 maar die hekke open reeds om 17:00. Daar sal verskeie kosstalletjies wees, onder andere pannekoek, ribrolle, boereworsrolle, *cheese grillers*, sop en broodjies. Koeldranke sal te koop wees. Bring asseblief kampstoele en komberse saam.

Kom kuier saam met *Eden* en geniet terselfdertyd jou aandete.

Vir kaartjies, kontak Ronell Ohlms 011 907 4598/084 251 2550/conveyancing@heysteka.co.za of Rosina Price 011 869 8824/084 816 2392. **Maak gou. Hierdie is tans een van Suid Afrika se gewildste Afrikaanse sanggroepe!**

● **Ring van Zeerust: Rolbaldag**

Waar: Zeerust Rolbalklub
Wanneer: Saterdag 19 Julie 2008
Begintyd: 10:00
Koste: R30 per speler (ete ingesluit)

Potjiekoskompetisie: Inskrywings gratis. Pryse te wen! Kos gaan vir spelers en toeskouers. Daar sal vir vermaak vir die kinders gereël word.

Skakel Mario Röscher op Ventersdorp by 083 566 4351.

● **Gemeente Wesmoot** in Pretoria wag aansoeke in vir hulle vakante standplaas. Dit is 'n volledig-versorgde standplaas. 'n Versorgingspakket van 5-10 diensjare is binne die gemeente se finansiële vermoë. Die gemeente beskik oor 'n pastorie langs die kerkgebou wat tot beskikking van die nuwe predikant is. Belangstellendes moet asseblief 'n CV en 'n bekendstellingsbrief saam met aansoeke stuur na: wesmoot@nhk.co.za. Verdere inligting kan aangevra word by bogenoemde e-posadres. Aansoeke sluit op 30 Junie 2008.

● Die **Perth Afrikaans Reformed Church** in Australië het tans 'n vakante pos vir 'n tweede voltydse leraar.

Stuur aansoeke aan: Perth Afrikaans Reformed Church
21 Davenport Circuit Mindarie
Western Australia
6030
E-pos: voorsitter@parc.org.au
Faks: +61 89 304 6586

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Junie 2008
Navrae aan:

Voorsitter	Jan van den Berg	e-pos: voorsitter@parc.org.aus
Leierouderling	Barry van der Vyver	e-pos: br.barry@parc.org.aus

Terug na Voorblad

Fietswedren

Saterdag 21 Junie
Swartwater
Tyd: 08:00
Inskrywingsfooi: R80

Aangebied deur Gemeente Koedoesrand

Kontak Buks van Blerk by 083 253 0665 of buksvb@mweb.co.za en ds Gerhard Stoltz by 082 872 5236 of gpj@vodamail.co.za

Padfiets
Afstande: 15 km, 50 km en 100 km

***MTB*/Bergfiets**
Afstand: 50,7 km

Vir alle inligting besoek: www.bosveldkarnaval.co.za

- **Jagkompetisie aangebied deur Gemeente Louis Trichardt**

'n Eland, blouwildebees en rooibok in 'n jagpakket teen net R150 per inskrywing! Dit is wat u kan wen. Die jaggeleentheid vir die wenner en een metgesel strek vanaf Donderdag 28 tot Sondag 31 Augustus 2008. Dit vind plaas op Plaas Hermanus van mnr Willem van der Merwe in die Soutpansberg-distrik (ongeveer 450 km vanaf Pretoria). U bring net u eie kos, drinkgoed, beddegoed en handdoeke. Sou u nie al drie spesies met hierdie geleentheid kon skiet nie, kan dit met 'n ander geleentheid gebeur in oorleg met die plaaseienaar. Indien u glad nie jag nie maar wel die vleis of biltong wil hê, kan u iemand anders in u plek stuur. Andersins kan u die jagtydperk in die pragtige bosveld kom geniet terwyl die plaaseienaar vir u die jagwerk doen. Dit is vanjaar die enigste jaggeleentheid op die plaas aangesien die plaaseienaar geen ander jaggeleenthede vir vanjaar toelaat nie. Die inskrywings sluit op 1 Augustus 2008. Gemeentes en skole kan gerus ook inskryf en, sou hulle wen, kan hulle óf die wild kom skiet óf dit weer as 'n kompetisie ten bate van hulle eie fondse aanbied.
Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550 of Willem van der Merwe by 082 257 7482.

Horison Bergfietspretresies

Datum: Saterdag 16 Augustus 2008
Tyd: 07:00 – 12:00
Plek: Logwood Bike Haven, Muldersdrift
Spanne: 2 – 5 fietsryers per span/aflos
Koste: R200 per span
Kontak: Bets 083 408 4005
Tinus 082 577 4067
Inskrywings: Enteronline (www.entrytime.com)
Meer inligting: www.nhk.org.za

PRET VIR OUD EN JONK! VERMAAK VIR DIE KINDERS! HEERLIKE EETGOED TE KOOP!

Terug na Voorblad

- **POS BY SENIORDAL AFTREE-OORD**

Seniordal is ’n aftree-oord wat die eiendom is van Gemeente Pretoria en is geleë binne die gemeentegrense. Eenhede vir selfonderhoudende persone word op ’n woonregbasis verkoop.

Daar is besluit om die pos van Gebouebestuurder by Seniordal te heradverteer. Die pos val uiteen in drie afdelings en daar kan aansoek gedoen word vir die pos in geheel of vir slegs een van die afdelings van die pos.

DAAR MOET EGTER DUIDELIK DAAROP GELET WORD DAT DIE POS, OF GEDEELTE DAARVAN, GEENSINS BEDOEL IS OM ’N VOLTYDSE AANSTELLING TE WEES NIE

Indien verskillende persone aangestel word, sal die vergoeding, wat onderhandelbaar is, aan die gebouebestuurderspos gekoppel word. Aan die ander twee poste sal net ’n moontlike honorarium verbonde wees.

Generiese vereiste

Die geskikte applikant moet:

- ’n lidmaat van die NH Kerk wees;
- lidmaat van Gemeente Pretoria wees, of bereid wees om lidmaat van die gemeente te word;
- goeie menseverhoudinge hê;
- goeie kommunikasieverhoudinge hê, veral ten opsigte van bejaarde persone;
- goeie werksetiek hê, insluitend ’n netjiese voorkoms, akkuraatheid en stiptelikheid; en
- op en wakker wees.

Vir verdere besonderhede kan Cerneels Strydom gekontak word by 082 756 3710.

Aansoeke kan gerig word aan:

Voorsitter
Finansiële en Advieskomitee
Posbus 40784
Arcadia
0007

of gefaks word na 012 321 9157 of per e-pos aangestuur word na pretoria@nhk.co.za

- **NHK Witfontein (in Pretoria-Noord)** wag aansoeke in vir ’n vakante orrelispos. Diensaanvaarding so gou moontlik. Aansoeke (met CV’s) kan gerig word aan ds Jimmy Manders by jtmanders@icon.co.za of gefaks word na 086 676 4409.

- **Afhandeling van ringsvergaderings**

Met die uitsondering van drie ringsvergaderings is al die ander ringsvergaderings vanjaar reeds gehou. Die ringe van Maquassi, Pietermaritzburg en Bloemfontein moet nog vergader.

- **Gesprek oor konstitusie van *to care***

Die gesprek wat die Moderamen met die direksie van ***to care*** en alle ander rolspelers oor die konstitusie van ***to care*** sou voer op 19 Junie, is verskuif na 15 Julie om 09:00 in die Raadsaal, Dirk van der Hoffgebou. Alle belanghebbendes word versoek om daarvan kennis te neem.

Terug na Voorblad

Die *Phyllis Robertson Home* bied aan:

'n Musiekaand met:
Pieter Smith & William Blackrose
5 Julie 2008 om 18:00 vir 18:30
in die West End-teater, Pretoria-skougronde
(ingang Soutterstraat)
R50 per persoon
(kerrie en rys ingesluit)
Veilige parkering
Kontantkroeg ingesluit
Vir meer inligting en kaartjies **Kontak:**
Darienne: 082 329 7575
Lita : 083 638 0438

- **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** het by sy vergadering van 5 en 6 Junie die volgende aksies en besluite geneem:

- Di JAA Schroeder, JP Snyman en LA Nel en hulle eggenotes het saam met die Kommissie middagete geniet. Dié predikante is vanjaar **50 jaar in die bediening**. Dr DJC van Wyk (jr), visevoorsitter van die Kommissie, het dank en waardering namens die Kerk aan die predikantsegpare oorgedra. Ds Jan Schroeder het namens die predikante daarop geantwoord. Ds Herbert Dreyer, wat vanjaar 60 jaar predikant is, kon ongelukkig nie die geleentheid bywoon nie.

- Die Kommissie het 'n uitvoerige verslag van die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat behandel oor die vordering met die **Welstandsprogram**. Die Kommissie was tevrede dat daar goed gevorder word en vertrou dat die program voor die einde van die jaar gefinaliseer sal word.

- Die jaarlikse gesprek tussen die Kommissie en die **Dagbestuur van die Kommissie van die ADV** het plaasgevind. Daar is indringend vrae gestel oor die werksaamhede van die ADV. Daar is kennis geneem van die ADV se betrokkenheid by die Winterhoopprojek en van baie moeite wat gedoen word met die armblankevraagstuk. Daar is veral kennis geneem van betrokkenheid by opheffingswerk en materiële versorging by blanke plakkerskampe.

- Daar is kennis geneem van positiewe gesindhede by diakens van die Kerk, en dit blyk dat die finansiële situasie van die ADV goed is. Kommer bestaan wel oor die gebrek aan betrokkenheid van predikante by diakonale werk en oor die groot vermindering van diakens. Die Kerk het nog geen vaste besluit geneem nie oor die gebruik wat in baie gemeentes toegepas word dat die diakonale werk net deur enkele diakens gedoen word terwyl ouderlinge ook die insameling van offergawes behartig. Dié gebruik neem egter steeds toe. Daar sal in die toekoms daaroor besin en besluit moet word.

- Die Kommissie het kennis geneem van geslaagde **bilaterale gesprekke** wat die Moderamen met die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke gevoer het. Veral die nouer samewerking van die kerke is bespreek en memoranda word in dié verband voorberei. Die gesprekke sal in die toekoms meer gereeld plaasvind.

Terug na Voorblad